

5 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 91

Niks kan ons van God se liefde skei nie

'n Mens wat op die Here vertrou, is altyd onder sy beskerming. Psalm 91 sê dit met besonder sprekende beelde.

Ons mag nie hierdie belofte van die Here gebruik soos wat ons wil nie. Dit sien ons wanneer die duiwel Jesus versoek. Die duiwel gebruik die belofte in 'n kunsmatig geskepte situasie (Matt 4:6) vir sy eie doeleindes. Die belofte van Psalm 91 geld nie in gevalle van opsetlike misbruik nie. Dan versoek ons God. Die belofte is vir hulle wat God liefhet, Hom erken en aanroep (vers 14-15). Vir hulle wat, in onderwerping aan Hom, nie eiesinnig hul eie pad wil loop nie, maar God se pad.

Maar beteken hierdie Psalm nou dat geen lyding of swaar of kwaad op 'n gelowige se pad sal kom nie? Ons weet tog dat dit wel gebeur. Paulus leer ons in Rom 8:28 dat God "alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, vir dié wat volgens sy besluit geroep is". Daardie "alles" wat God ten goede laat meewerk, sluit ook die swaar en kwaad wat ons tref in! As ons die "alles" in daardie lig gaan sien, kan ons saam met Paulus verseker wees dat niks, letterlik en figuurlik niks, ons kan skei van die liefde van God in Jesus Christus nie!

Sing: Psalm 91:1,2

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)